Ark Blitz

Leer

Deut 6: 4-9





(Les 20) - DIE HERE DOEN MAGTIGE DADE

Maats lees: Jos 6

Daar is seker dinge wat ‘n mens eenvoudig net nie kan doen nie. Ek wonder hoe Josua moes gevoel het toe dit tyd was om Jerigo aan te val. Jerigo was een van die oudste en sterkste stede van daardie tyd, en was ’n vreesaanjaende stad om teen te veg. In daardie tyd was oorlog ’n manier vir die mense om te sien wie se god die sterkste was. Die volk wat gewen het, se god was beskou as die sterker, ware god. Almal het afgode gehad, maar nou gaan hulle die enigste ware God leer ken. Die Here het nie vir Josua gesê dat die Israeliete gaan wen nie, maar eerder dat Hy, die Here, die stad gaan oorgee.Die Here het boonop presies verduidelik hoe die oorlog gewen sou word: die mure gaan omval. Hierdie oorlog was beslis nie meer in mense se hande nie. Kyk na die prent hieronder.Hier sien ons ’n stuk muur wat bly staan het, met ’n venster in, en die rooi tou wat daar uithang.Dit was oorlog en oorlog bring altyd baie hartseer. Binne in hierdie hartseer storie toe almal in die stad doodgemaak en alles stukkend gebreek is, is daar een stukkie muur wat bly staan het. Watter naam het ons aan met die vorige les aan Ragab se huis gegee? Genade! As ons aan hierdie verhaal dink, is daar sekere woorde wat in ons gedagtes opkom: Muur, sterk, wag, luister, gehoorsaam, genade, vertrou … Miskien is daar iets soos ’n sterk en groot muur voor jou waarvoor jy nie kans sien nie. Bid nou daarvoor en vra dat die Here jou daarmee sal help. Wag op Hom. Vertrou Hom. Hy kan jou verras en mure laat omval – iets waarvan Israel voor die tyd nie eers van sou droom nie! So is God se verrassings!

Hier is ‘n paar “ek wonder dinge”

1. Ek wonder waarom die Here nie wou gehad het dat die Israeliete sélf die stad aanval nie.
2. Ek wonder waarom dit nodig was om so lank om die stad te stap? Waarom het die mure nie net onmiddellik omgeval nie?
3. Ek wonder watter boodskap die mense binne die stad gekry het, toe die Israeliete net met trompetgeskal en stilte om die stad gestap het?
4. Ek wonder hoe dit voel as die gevaar rondom jou is en jy nie weet hoe om daaruit te kom nie. Wat sou ek doen?
5. Ek wonder of ek myself ook binne gevaarlike mure ingehok het?
6. Waarom is Ragab gered?
7. Ek weet Jesus is my redder!

Deuteronomium 6:8-9

- Jy moet dit as 'n herinneringsteken
- vasbind aan jou hande,
- en dit moet 'n merk op jou voorkop wees.

- Skryf dit op jou deurkosyne
- en op jou stadpoorte.